

Wat is vir jou skokkend van die gelykenis?

Wat van die verhaal wat Jesus vertel, verstaan jy nie?

Jesus sê: “*Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig.*” Wat bedoel Hy daarmee?

1 Petrus 1:3-8

Jesus trek vier konklusies uit die gelykenis:

9: “*Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.*”

1 Timoteus 6:17-19

Matteus 25:31-40

:10 *Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. :11* *As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?*

Lukas 12:42-44

Matteus 24:45-47

12: *As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?*”

1 Timoteus 3: 3-7

1 Timoteus 3:8-10

2 Petrus 2:14

13: *Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.*”


Romeine 6:16-20

Matteus 25:45 ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.’

Skatte vir ewig



Nederduitse
Gereformeerde Gemeente
Middelburg




Mens tot mens

Deel jou hartseer en vreugde met die lede van jou groep.

Wat is die beste geleeging wat jy nog ooit gemaak het?

Wat is die swakste belegging wat jy ooit gemaak het?



Mens tot God

Vra iemand om julle studie aan die Here op te dra in gebed.

Hallelujah 336

1. As Hy weer kom, as Hy weer kom,
kom haal Hy sy pêrels,
al Sy pêrels, fraaie pêrels
vir Jesus se kroon.


koor:

*Ja, die kindergesiggies,
soos die sterre se liggies,*

*is die hemelse pêrels
vir Jesus se kroon.*

2. Vir die hemel, vir die hemel
sal Hy hul versamel,
al die skones, al die wittes
vir Jesus se kroon.

3. Al die kinders, al die kinders,
vol liefde vir Jesus,
is die pêrels, kosb're pêrels
vir Jesus se kroon.



God tot mens

Die gelykenis van die oneerlike bestuurder

1Jesus het vir sy dissipels ook gesê: “n Ryk man het 'n bestuurder in diens gehad, en dié is by hom aangekla omdat hy sy geld verkwis het. 2Hy ontbied hom toe en sê vir hom: ‘Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer bestuurder wees nie.’ 3Die bestuurder dink toe by homself: wat moet ek nou doen, want my werkgewer neem die bestuurderskap van my af weg. Vir handearbeid sien ek nie kans nie; en om te bedel, skaam ek my. 4Maar wag, nou weet ek wat ek sal doen

sodat daar mense sal wees wat my in hulle huise sal ontvang as ek uit die bestuurderskap ontslaan is. 5Toe roep hy die skuldenaars van sy werkgewer een vir een en vra vir die eerste: ‘Hoeveel skuld jy my werkgewer?’ 6Hy antwoord: ‘Honderd vate olyfolie.’ Toe sê hy vir hom: ‘Wat jou skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig.’ 7Daarna vra hy vir 'n ander een: ‘En jy, hoeveel skuld jy?’ Hy antwoord: ‘Honderd sak koring.’ En hy sê vir hom: ‘Wat jou skuldbewys en skryf tagtig.’ 8“Die werkgewer het die oneerlike bestuurder geprys vir die slim ding wat hy gedoen het. Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig. 9“En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang. 10 “Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. 11As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou? 12As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit? 13“Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorbê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.” (Die Boodskap)